

**2 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 12**

**Fokusvers: Jesaja 12:3**

**Deel die water van redding uit aan ander**

Water was nog altyd vir die Jood in die droë en dorre land van Israel van besondere betekenis. In die droë Suid Afrika kan ons daarmee assosieer. Ons kan in ons gedagtes die prentjie vorm van 'n kind wat na 'n lang droogte in die eerste waterplas na die reën gaan staan, die water met sy hande skep en dit in die lug in gooi.

In dié beeldende taal word die redding van Israel uit ballingskap aangekondig. Daardie dag sal hulle die Here loof vir hulle redding. Hy was hulle krag en beskerming. Hy was nie meer vir hulle kwaad nie en het vir hulle uitkoms gebring (vs 1, 2).

Daar sal weer “water” wees. Lewegewende water. Water wat die hoop bring. Water wat skoon was. Op daardie dag sal die volk nie anders kan as om van die water uit die fontein te skep en dit uit te deel aan almal nie. Die Naam van die Here sal dan onder die volke bekend gemaak en groot gemaak word. Sy groot daad sal aan die hele wêreld bekend gemaak word (vs 4, 5).

Wat maak jy met die water van redding wat jy ontvang het deur in Jesus Christus te glo? Dit is ons taak en ons vreugde om uit die fontein van redding te skep en die water uit te deel sodat mense uit ander volke en tale kan deel in die lofsang. Dat hulle kan saam juig oor die grootheid van God in ons midde.

Skep vandag nog weer water uit die fontein van redding en deel dit uit aan ander wat dors het.

*Sing: Psalm 42:1, 5 (1936-beryming)*

*Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*